

24 April

Skrifgedeelte: Handeling 19:1-12 (OAV)
Fokusgedeelte: Handeling 19:8

Bid sonder om te doen?

Paulus se eerste uitdaging in Efese was om 'n twaalfstal dissipels van Johannes die Doper verder in te lei in die evangelie en in die Naam van Jesus te doop. Paulus lê hulle die hande op om daarmee te bewys dat hy die mense as lede van die Christelike kerk erken. Hulle ontvang, soos die twaalf dissipels van Jesus in Jerusalem, die seël uit die hemel: die Heilige Gees.

Paulus, aangevuur deur die toevoeging van die twaalf, bepaal hom weer by sy eintlike werk: die bring van die evangelie aan die Jode. Gou is die weerstand van die Jode te fel. As die een deur toegaan, gebruik Paulus die deur wat nog oop is. Die werk moet voort, daarom maak hy voortaan gebruik van die lesingsaal van Tirannus wat 'n redenaar, wysgeer en moontlik 'n Christen was. Vanuit hierdie sentrum bereik hy Jode sowel as Grieke in die hele provinsie Asië. Die Here doen ongewone wonderwerke deur bemiddeling van Paulus. Efese sien in Paulus die krag van God deur die inwerking van die Heilige Gees, wat Jerusalem in Jesus gesien het.

Die brief aan die Efesiërs leer dat geloof 'n gawe van God is. Deur die sakrament van die Heilige Doop is die Woord aan ons beseël. Ons is skatryk in die Here. Nou is die vraag: Wat maak ons hiermee?

God het die werk van Paulus in Efese geseën. Bid ons vir die seën van die Here, sonder om met oorgawe te doen wat Hy vra? Laat ons nie langer bid dat Hy sal seën wat ons doen nie. Laat ons veel eerder bid dat Hy ons sal help om in gehoorsaamheid te doen wat Hy seën.

Sing: Psalm 33:6 (1936)

Ds. S Hibbert (Koster)